# SKITTER AKADEMIE

## HUISWERKSENTRUM

DIE REGTE KEUSE VIR JOU KIND!

**2024**

Renate: 084 250 6312
skitter.akademie@gmail.com
www.skitterakademie.net

# SKITTER AKADEMIE NASKOOL

## BELANGRIKE INLIGTING

1. **Inskrywingsvorm:**

Alle dokumentasie moet jaarliks volledig voltooi word. Inskrywingsvorms moet deur 'n afskrif van die ouers/voogde se ID dokumente vergesel wees. Inskrywingsvorms word aanlyn ingevul.

2. **Kansellasie van ooreenkoms:**

Kansellasie kan slegs geskied met 'n maand se skriftelike kennisgewing. Alle agterstallige skoolgelde betaalbaar insluitende die laaste maand wat die leerling die skool bywoon.

Na die 1ste Oktober van die jaar moet 3 maande kennis gegee word. Kinders sal nie in aanmerking kom vir plasings indien alle skoolgeld nie ten volle betaal is teen 5 Desember nie.

3. **Skoolkwartale:**

Skitter Akademie val binne die kwartaalindeling van die Gauteng se Onderwys Departement. Ons is gesluit tydens openbare- en enkele skoolvakansie dae. Ons is wel oop gedurende die skoolvakansies, maar neem kennis dat ons gesluit is die 17 Junie 2024 - 21 Junie 2024 .

4. **Registrasiegelde:**

Registrasie gelde is R300 vir u kind. Dit is om die kostes te dek vir die afrol werk deur die jaar.

5. **Etes:**

Skitter Akademie verskaf geen etes nie. Die naskool leerlinge moet dus hulle eie middagete bring. Daar is die nodige geriewe om kos warm te maak. Let wel dat alle kits-noodles ook tuis gemaak moet word.

6. **Vervoer:**

Leerlinge sal by die Laerskool op gelaai word deur een van ons Skitter Personeellede. Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om te laat weet indien u kind nie naskool toe kom die middag nie, en ook as daar enige vervoer reëlings is soos sport waarvan ons moet kennis neem. Die bussie stop 13:00, 13:30, 14:00, 14:15, 14:30, 15:00 en 15:30 by die Laerskool en daar is altyd 'n personeellid wat ook wag by die hek. Die leerlinge word ALTYD by die Graad 1 hek opgelaai.

7. **Skool tye:**

Gedurende die vakansie is die naskool 06:30 oop en sluit weer 17:30. **Let wel: Die naskool sluit op Vrydae 17:00.** Daar word 'n boete van R150 per 30min gehef indien u laat is om u kind te kom afhaal en dit is dadelik betaalbaar by die Juffrou aan diens.

8. **Kleredrag:**

Sorg asseblief dat die kinders se kleredrag van so aard is dat hulle kan speel, vuil raak en deelneem aan aktiwiteite waar van toepassing. Ons versoek dat wanneer die dogtertjies 'n rok dra hulle asseblief 'n broek sal aantrek onder die rokkie. Leerlinge kan ook die Skitter Akademie drag bestel, vra gerus 'n bestelvorm aan by Juffrou Renate.

9. **Benodighede:**

Leerlinge moet hulle eie skryfbehoeftes naskool toe bring. Sorg asseblief dat dit gemerk is.

10. **Toetse en Eksamens**

Die leerlinge sal onder die nodige toesig voorberei vir toetse ek eksamens. Dit is egter tot u kind se eie voordeel as u ook in die aand 'n handjie gee met die voorbereiding. Voorbeeld toetse (Graad 1 - 3) sal gegee word. Tydens die eksamens sal die Gr 4-7 leerlinge opsommings en voorbeeld vraestelle ontvang.

11. **Snoepie Boepie**

Daar is 'n snoepie beskikbaar met lekkernye en koue koeldranke vir die leerlinge. Die snoepie maak in die middae 15:00 oop.

12. **Kommunikasie:**

Skitter Akademie het 'n oop kommunikasie beleid. Ons nooi u as ouer uit om saam met u kind sy ontwikkelings reis te stap.

Ons maak gebruik van die Whatsapp groepies en sodra ons u inskrywingsvorm ontvang het sal u op die groep geplaas word.

## 13. Koste uiteensetting:

| KOSTE UITEENSETTING | | | |
|---|---|---|---|
| SKITTER AKADEMIE NASKOOL (Graad 1 - 7) | | | |
| Gr 1 - 7 | Registrasie | R300 | |
| Gr 1 - 7 | Naskool | R1 200 | |
| GESINS PAKETTE | | | |
| | KLEUTERS (slegs vir voldag kleuters) | NASKOOL | AFSLAG BEDRAG OP TOTALE MAANDELIKSE FOOI PER GESIN |
| Opsie 1 | 2+ | - | R500 |
| Opsie 2 | 1+ | 1+ | R500 |
| Opsie 3 | 2+ | 1+ | R750 |
| Opsie 4 | 1+ | 2+ | R750 |
| Opsie 5 | 0 | 3+ | R550 |
| *Ontbyt pap word deur die skool voorsien vanaf 07:00 - 08:00, leerlinge wat na 08:00 kom moet by die huis ontbyt eet. Voldag babas ontvang ook ontbyt, maar as mamma self ontbyt wil stuur is julle welkom.* | | | |
| BANKBESONDERHEDE | | | |
| Rekening naam | Skitter Akademie | | |
| Bank | FNB | | |
| Rekening nommer | 627 546 576 52 | | |
| Tak kode | 250 655 | | |
| Verwysing | Kind se naam en van/ Invoice nr | | |

Skitter Akademie

*BESONDERHEDE:*

***Adres:***
*Marks Laan 5*
*Farrarpark*
*Boksburg*
*1459*

***Kontak nommers:***
*084 250 6312 (Hoof)*

***Epos:***
*skitter.akademie@gmail.com*

***Webtuiste:***
*www.skitterakademie.co.za*

***Bankbesonderhede:***
*Skitter Akademie*
*FNB*
*Tjek rek– 62754657652*
*Taknr – 250655*
*Verwysing – Kind se Van*